# Die Weg na God





Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alie regte voorbehou. Digitale Weergawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2012. www.bybelgenootskap.co.za
Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verklaar hiermee dat die mening, sienings en teologiese standpunte in die bykomende materiaal in hierdie publikasie nie noodwendig die van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika weerspieel nie. Die Bybelgenootskap van SuidAfrika onderskryf nie die gebruik van Bybelteks op enige manier of op enige platform wat moontlik as antichristelik beskou can word of wat onwettige aktiwiteite bevorder.

# GOD HET ONS WÊRELD EN ALLE LEWENDE DINGE GEMAAK



**In die begin het God die hemel en die aarde geskep.** –Genesis 1:1

**. . . Deur Hom** [is] **alles geskep wat in die hemel en op die aarde is . . . .** –Kolossense 1:16

**Mag die Here julle seën, Hy wat hemel en aarde gemaak het. Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mense gegee.**

–Psalm 115:15, 16

Die aarde was volmaak toe God dit aan die mens gegee het. Lees hierdie boekie om uit te vind wat gebeur het.

## 2 GOD HET ONS GEMAAK



**Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens... [na] ons beeld, sodat hy kan heers oor...die aarde...."** –Genesis 1:26

# DIE MENS HET 'N LEWENDE SIEL GEWORD



**Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese** [siel]* **geword het.** –Genesis 2:7

**Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom . . .** [en] **neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.** –Genesis 2:18, 21, 22

*'n Lewende siel beteken dat ons vir altyd êrens sal wees.

4

# ADAM EN EVA WAS ONGEHOORSAAM AAN GOD



Ons moet nooit na die stem van Satan luister nie.

**Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas. Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis** [van goed en kwaad] **mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."** –Genesis 2:15-17

DIE SLANG, OOK GENOEM DIE DUIWEL OF SATAN, HET GOD SE GESAG BEVRAAGTEKEN EN 'N LEUEN VERTEL.

**Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie...." Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het... gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man... gegee, en hy het geëet.** –Genesis 3:4, 6

# 6 ADAM EN EVA KON NIE LANGER IN DIE TUIN BLY NIE



**Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden . . . om die aarde te gaan bewerk . . . waaruit hy gemaak is . . . . Om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy . . . gerubs gesit, en ook 'n vlammende swaard . . . .**

—Genesis 3:23, 24

## DIT WAS 'N TREURIGE DAG VIR ALLE MENSE TOE ADAM EN EVA GESONDIG HET





**. . . Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring . . . .** – Romeine 5:12

**Iets om te Onthou**

**Alle mense** is met die sondige natuur gebore en **sal eendag sterf omdat die dood die gevolg is van die sonde.** (Lees weer Romeine 5:12)

## 8 GOD SE PLAN OM ONS VAN SONDE TE RED, WAS OM SY ENIGSTE SEUN TE STUUR



Om mens te word, moes die Seun van God as 'n baba gebore word.

**"Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom JESUS noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."**

–Matteus 1:21

**In Hom** [Jesus Christus] **is die volle wese van God beliggaam.** –Kolossense 2:9

**In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon....**

–Johannes 1:1, 14

**Dit het alles gebeur sodat die woord...vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons.** –Matteus 1:22, 23

**Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.**

–Jesaja 9:5

# JESUS CHRISTUS — ONS VOLMAAKTE OFFER

**Christus was *sonder* sonde. . . .** –2 Korintiërs 5:21



**"Hy het geen sonde *gedoen* nie. . . ."** –1 Petrus 2:22

Geen offer wat 'n mens kon bring, was VOLMAAK genoeg om sonde weg te neem nie.

**Omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem.** –Hebreërs 10:4

Jesus is die Lam van God. **"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"** –Johannes 1:29b

## JESUS HET SY LEWE GEGEE OM ONS TE RED 11

Jesus is aan 'n hout kruis vasgespyker omdat wrede mense hom gehaat het. Maar sy dood was deel van God se plan. Jesus het uit sy eie vrye wil sy lewe neergelê om jou en my van ons sondes te red.

Jesus het gesê: **"Niemand neem dit** [my lewe] **van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem."** –Johannes 10:18

### ONS IS LOSGEKOOP DEUR DIE BLOED VAN GOD SE LAM

**...Julle** [is] **nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop** [teruggekoop]**....nie....** [Maar] **met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.** –1 Petrus 1:18, 19

### GEEN ANDER OFFERS KAN SONDE WEGNEEM NIE

**...Ons** [is] **vir Hom afgesonder** [reingemaak] **deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd.**

–Hebreërs 10:10

**12 Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood** [deur sy bloed],...[sal] **ons deur Hom ook van die straf van God gered word.** –Romeine 5:9




**Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars** [ongehoorsaam aan God] **was.** –Romeine 5:8

# ALMAL WAT IN GOD SE SEUN GLO, HET DIE LEWE



**"God het die wêreld só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."**

–Johannes 3:16

**Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing*** [deur sy bloed] **verkry, die vergewing van ons sondes.**

–Kolossense 1:13, 14

***Ver**lossing beteken dat ons teruggekoop is.

# 14 HY HET WEER LEWENDIG GEWORD!



**Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. . . . Kyk: daar is die plek waar Hy gelê het."**

–Matteus 28:5, 6

**"...Dit is Ek,...die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk** [hel]**."** –Openbaring 1:17, 18

**"...Omdat Ek lewe** [sal] **julle lewe."** –Johannes 14:19

Omdat Jesus Christus die dood oorwin het en die sleutels van die dood het, hoef ons nie meer die dood te vrees nie.

**"Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U."**
–Psalm 56:4

(Sien bladsy 46 vir God se beloftes.)

## JESUS KAN JOU RED EN HY BID VIR JOU

**Omdat Jesus vir ewig bly,...kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos** [red]**: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.** –Hebreërs 7:24, 25

# 16 EK EN JY KAN DIE EWIGE LEWE KRY




**Watter pad neem JY?**

Jesus Christus is die WEG na die ewige LEWE met God.

Die duiwel (Satan) is die weg na die ewige DOOD.

Hierdie seun maak die regte keuse na die ewige lewe.

## WATTER KEUSE MAAK JY?

**"...Kies dan vandag wie julle wil dien...."**
–Josua 24:15

**"...Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe."** –Deuteronomium 30:19

## JESUS IS DIE WEG NA DIE EWIGE LEWE

**"Hý** [Jesus] **bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos** [gered] **moet word nie."** –Handelinge 4:12

**"Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie."** –Jesaja 43:11

## 18 WAAROM MOET ONS JESUS KIES AS ONS EWIG WIL LEWE?

**1. *Dit is Jesus Christus wie na ons toe gekom het.***

**"... Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê ...."**

–Johannes 10:10



**2. *Dit is Jesus Christus wie ons liefgehad het en vir ons gesterf het.***

**... Die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.** – Galasiërs 2:20

Jesus het 'n mens geword, vlees en bloed soos ons is, **om deur sy dood**

**dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.**
–Hebreërs 2:14, 15

**3. *Net Jesus se bloed kan ons van sonde genees.***

**"... Omdat bloed versoening** [vrede en vryspraak] **bring** [vir julle lewens] **...."** –Levitikus 17:11

**... En reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.** –1 Johannes 1:7

**Deur die Seun het ons die verlossing** [redding] **verkry** [deur sy bloed], **die vergewing van ons sondes.**
–Kolossense 1:14



**4. *Dit is Jesus Christus wat uit die dood lewendig geword het.***

**Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie.** –Romeine 6:9

**En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.**

2 Korintiërs 5:15

Jesus het gesê: **"...Omdat Ek lewe** [sal] **julle lewe."**

–Johannes 14:19

5. ***Die Gees van Jesus Christus moet in ons woon sodat ons opgewek kan word tot die ewige lewe.***

**...Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid.** –Kolossense 1:27

**Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.** –Romeine 8:11

**MAAK SEKER DAT DIE GEES VAN JESUS CHRISTUS IN JOU WOON**

**...As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.** –Romeine 8:9

# 22 SÓ KAN JY DIE EWIGE LEWE VIND

Volg die riglyne wat op bladsy 24 begin.



**Selfs 'n jongmens word geken aan wat hy doen....**

–Spreuke 20:11

"Jesus is so lief vir my, Hy maak my van sonde vry."

**Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."** –Lukas 18:16

**"So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie."** –Matteus 18:14

Wie jy ook al is of waar jy ook al bly, Jesus het jou lief en het vir jou gesterwe. Jesus wil ook *jou* liefde hê. Jy kan jou liefde vir Jesus wys deur aan Hom gehoorsaam te wees.

**"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer."** –Johannes 14:15

## 24 HOE OM JOU WEG NA GOD TE VIND

**1.** ***Erken dat jy 'n sondaar is*** *(ongehoorsaam was aan God).*

**Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie.** –Romeine 3:23

**2.** ***Kom na God deur Jesus Christus.***

**Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar** [Tussenganger] **tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.** –1 Timoteus 2:5

**Daarom kan Hy** [Jesus] **ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos** [red]**. . . .** – Hebreërs 7:25

Jesus het gesê: **". . . Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp** [wegjaag] **nie."** –Johannes 6:37

**3. *Bekeer jou van jou sondes.***
(Dit beteken om jammer genoeg te wees om op te hou sondig.)

**"Daarom bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis."** –Handelinge 3:19

**Die Here . . . is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.**
–2 Petrus 3:9




**4. *Bely jou sondes aan Jesus.***
(Bely beteken om te vertel of te erken.)

**26** Skryf 1 Johannes 1:9 (die vers wat op die biddende hande op bladsy 25 verskyn) hieronder:

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**5. *Laat staan jou sondes.***

**Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan *afsien*** [laat staan]**, sal genade ontvang.** –Spreuke 28:13

**Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is....** –Psalm 37:27



Julle is...uit genade gered, deur geloof...; dit is 'n gawe [geskenk] van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. –Efesiërs 2:8, 9

**6. *Glo in Jesus Christus.***



**As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.** –Romeine 10:9

**..."Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."** –Handelinge 16:31

***7. Verwelkom Jesus Christus in jou hart en lewe.***

Net *jý* kan die deur van jou hart oopmaak en Jesus nooi om binne te kom.



Jesus het gesê: "**Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.**" –Openbaring 3:20

**Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.**

–Johannes 1:12

As jy nog nie vantevore gebid het nie en jy hulp nodig het, kan jy die gebed hieronder volg as 'n gids:



**Liewe Here Jesus,**

**Dankie dat U op die kruis gesterf het om my sondes weg te neem. Ek is jammer oor al die verkeerde dinge wat ek gedoen het. Ek vra U om asseblief in my hart te kom en vir altyd in my hart te bly. Ek vertrou U dat U nou my hart skoonmaak. Ek aanvaar U as my eie Redder en Here.**

**In Jesus Naam, Amen.**

## 30 MET JESUS IN JOU HART, IS JY VERSEKER VAN DIE EWIGE LEWE

**...God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe....**


–1 Johannes 5:11, 12

**"...Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het,...het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."** –Johannes 5:24

Wanneer jou liggaam sterf, is jy teenwoordig by die Here (2 Korinthiërs 5:8). **...Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid.** –Kolossense 1:27

As jy Jesus gevra het om jou sondes te vergewe en jy aan die Here Jesus Christus as jou Redder glo, skryf jou naam hieronder:

________________________________________



Lees elke dag uit die Bybel (die Woord van God). Leer spesiale verse wat jou help en bêre hulle in jou hart. (Baie van hulle is in hierdie boekie.)

**Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek.**

–2 Timoteus 3:16

# PRAAT MET JESUS ENIGE TYD IN GEBED



***Dank Jesus*** vir al die goeie dinge in die lewe. ***Loof Hom*** vir al die dinge wat Hy vir jou gedoen het en dat Hy jou siel gered het. ***Bid vir enigiets wat jy nodig het.*** Bid in Jesus se Naam.

**. . . Omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.** –1 Johannes 5:14

**"... Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee."** –Johannes 16:23

**. . . Bid vir mekaar. . . .** –Jakobus 5:16

**". . . Bid vir dié wat vir julle vervolg** [en beledig] **. . . .**" –Matteus 5:44

# 'N GEBED WAT JESUS SY DISSIPELS GELEER HET

('n Dissipel is iemand wat Jesus volg.)

Jesus het sy dissipels geleer om só te bid:

**"... Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.** [Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.]" –Matteus 6:9-13

Leer hierdie gebed. Gelowiges bid dikwels hierdie gebed hardop saam.

# GOD SE TIEN GEBOOIE LEER ONS HOE OM TE LEWE

(Eksodus 20)

*Die Eerste Vier is oor Ons Liefde vir God*

1. "Jy mag naas My geen ander gode hê nie."
2. "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak . . . nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie."
3. "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie."
4. "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou."

*Die Laaste Ses is oor Ons Liefde vir Ons Medemens*

# DIE TIEN GEBOOIE (vervolg)

5. **"Eer** [respekteer] **jou vader en jou moeder."**
6. **"Jy mag nie moord pleeg nie."**
7. **"Jy mag nie egbreuk pleeg nie."** (Egbreuk is seksuele ontrouheid van man of vrou in die huwelik.)
8. **"Jy mag nie steel nie."**
9. **"Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie."** (Dit sluit enige leuen in.)
10. **"Jy mag nie iemand anders se** [besittings] **begeer nie. . . , of enigiets anders wat aan hom behoort nie."**

## GEHOORSAAMHEID AAN GOD BRING ANTWOORDE OP ONS GEBEDE

**En wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goedvind.** –1 Johannes 3:22

# 36 DIE TWEE BELANGRIKSTE GEBOOIE

### *Liefde vir God*

**1. Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod."**

–Matteus 22:37, 38

### *Liefde vir ons Medemens*




**2. "En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' "** –Matteus 22:39

Al Tien Gebooie (bladsye 34 en 35) word in die Twee Belangrikste Gebooie saamgevat.

# LIEFDE IS DIE BELANGRIKSTE VAN ALLES



## Die Groot "Liefde Hoofstuk"

(1 Korintiërs 13:1-8, 13)

[1]Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. [2]Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. [3]Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys . . . , maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks. [4]Die liefde is geduldig, die liefde is vriende-

lik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie,
is nie verwaand nie. 5Dit handel nie onwelvoeglik
[onmanierlik] nie, soek nie sy eie belang nie, is nie lig-
geraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6Dit ver-
bly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die
waarheid. 7Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra
alles. 8Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van
profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale . . .
te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien
raak. 13En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie.
En die grootste hiervan is die liefde!

## GOD IS LIEFDE

. . . God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. –1 Johannes 4:16

# JESUS WIL HÊ DAT JY AAN ANDER GETUIG 

(by die huis, skool, kerk, enige plek)



Jesus het gesê: . . .
**"Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het."** –Markus 5:19

# 40 HOE OM TE WEET OF IEMAND 'N WARE KIND VAN GOD IS

**"So sal julle . . .** [hulle] **dan aan hulle vrugte** [dade] **ken."**
–Matteus 7:20

**Die vrug van die Gees . . . is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing . . . .** –Galasiërs 5:22, 23

## 'N WARE KIND VAN GOD VERGEWE ANDER

**"As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe."** –Matteus 6:14

## 7 DINGE WAT GOD HAAT

**Oë wat straal van hoogmoed, 'n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is, gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, dié van die kwaad, 'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook . . . .** –Spreuke 6:17-19




**WERKE VAN DIE VLEES:** **41**


(dade van die sondige menslike natuur) **...Onsedelikheid,...losbandigheid** [seks tussen ongetroude mense; ook egbreuk], **afgodsdiens, towery, vyandskap,...woede, rusies;... afguns,** [moord], **dronkenskap...en al dergelike dinge. ...Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.** –Galasiërs 5:19-21

**...Geen...mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges...nie.** –1 Korintiërs 6:9,10

**LAAT JESUS JOU MET SY GEES VUL EN JOU SKOONMAAK**

**En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig...in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.** –1 Korintiërs 6:11

# DIE HEL BESTAAN WERKLIK




**(Lees Lukas 16:19-26.)**

Maak seker dat jy op Jesus Christus vertrou. Hy sal jou naam in sy Boek van die Lewe skryf.

**As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.**

–Openbaring 20:15

**. . . God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun.** –1 Johannes 5:11

**Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.** –Romeine 6:23

**"Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom."** –Johannes 3:36

**Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."** –Johannes 14:6

# 44 DIE HEMEL BESTAAN WERKLIK



In Johannes se visioen in Openbaring 21, het hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien.

**"Hy** [God] **sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."...**

–Openbaring 21:4, 5

Johannes het ook die Heilige Stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die Hemel sien afkom. "**...Die stad** [is gebou] **met suiwer goud wat soos 'n skoon spieël lyk. Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier....**

– Openbaring 21:18, 19

# JESUS HET GEGAAN OM VIR ALMAL WAT IN HOM GLO 'N PLEK VOOR TE BEREI

**"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek** [dit] **nie vir julle gesê het . . . nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."** –Johannes 14:1-3

## VERTEL HIERDIE GOEIE NUUS AAN ANDER

Jesus het gesê: **"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom."** –Markus 16:15

**" . . . Die mens wat wysheid het, red lewens."**

–Spreuke 11:30

## 46 GOD SE BELOFTES AAN SY KINDERS

**. . . "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."** –Hebreërs 13:5

**Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan.** –Psalm 91:11



**". . . Niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie."** –Johannes 10:29

**". . . En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."** –Matteus 28:20

**"Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie . . . . Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee."** –Openbaring 2:10

**"Roep My aan, Ek sal jou antwoord . . . ."** –Jeremia 33:3

# JESUS KOM WEER

*Almal* sal opstaan uit die dood (sommige om vir ewig te lewe en sommige om vir ewig te sterwe).

**"... Daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word."** –Johannes 5:28, 29



*Dié wat in Christus gesterf het,* sal eerste opstaan (om vir ewig te lewe).

**Daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.** –1 Tessalonisense 4:17

**"... Wees waaksaam** [en bid], **omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie."**
–Markus 13:33

# 48 HOE SAL JESUS KOM?



**Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien....** –Openbaring 1:7

Pas op vir vals christusse en vals profete.

**"As iemand ... vir julle sê: 'Kyk, hier is die Christus!' of: 'Kyk, daar is Hy!' moet julle dit nie glo nie. En as die mense vir julle sê: 'Kyk, Hy is in die woestyn!' moet julle nie daarheen gaan nie; of as hulle sê: 'Hy is in die slaapkamer!' moet julle dit nie glo nie."**

–Matteus 24:23, 26

**JESUS SAL SKIELIK TERUGKOM OP DIE WOLKE VAN DIE HEMEL**

**"... En al die volke van die aarde ... sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit."** –Matteus 24:30

# DIE HERDERSPSALM

(Psalm 23)

[1]**Die Here is my herder, ek kom niks kort nie** [wat ek
nodig het, sal ek kry]. [2]Hy laat my rus in groen weivelde. Hy
bring my by waters waar daar vrede is. [3]Hy gee my nuwe
krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

[4]**Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang
wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.** [5]U
laat my by ’n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet
toekyk. U ontvang my soos ’n eregas, ek word oorlaai met
hartlikheid.

[6]**U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en
ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte
van dae** [vir ewig]**.**

Published in numerous languages by World Missionary Press, Inc., as God supplies funds in answer to prayer. **For questions or more information by country, visit: www.wmp-contacts.org**

Gratis — mag nie verkoop word nie

World Missionary Press
PO Box 120
New Paris, IN 46553-0120 USA
www.wmpress.org

4-24

Read booklets online or by App
www.wmp-readonline.org

2238 Afrikaans WTG